AH0042 Die lewende God is 'n hoorder van gebed

Nico van der Walt

Deel 1 : 'n Aantal basiese beginsels

Psm 65:3 : O Hoorder van die gebed, tot U moet alle vlees kom! (OAV).[1]

In hierdie psalm besing Dawid die lof van sy God (1-2).

In v.2-5 loof hy God se genade wat mense in 'n verhouding met Hom bring.

In v.6-9 besing hy God se wêreldwye grootheid en almag.

In v.10-14 besing hy God se goedheid. Dit kom veral tot uitdrukking in die voorsiening van wonderlike voorspoed in Sy algemene genade. Graham Scroggie sê van hierdie laaste paragraaf dat dit die aangrypendste oeslied is wat ooit geskryf is (vgl. veral die NAV).

□ Terug na die eerste paragraaf, met sy beklemtoning van die voorreg van 'n persoonlike verhouding met die Here. Let op dat Dawid die voorwerp van Sy aanbidding en lof aanspreek as "o God" (2), en dan in die res van die 4 verse 8 keer die voornaamwoord "U" gebruik. Waarlik, Dawid was van harte oortuig dat God nie 'n abstrakte idee is nie, maar 'n persoonlike Wese met wie die mens in 'n persoonlike verhouding kan staan.

- In hierdie verhouding neem God die inisiatief.

~ Een ding wat egter skeiding tussen ons en Hom bring, is sonde. Maar selfs dít word deur Hom aangespreek. Hy versoen ons sondes (4).

~ God se inisiatief gaan selfs verder terug. Hy kies die welgeluksaliges wat mag nader kom om in Sy tempel te woon - mense wat die goeie dinge in Sy heilige woning mag geniet (5).

□ Dís die konteks waarbinne Dawid God as die "Hoorder van gebed" aanspreek. Só gesien, lig dit vir ons enkele uiters belangrike perspektiewe op gebed uit:

- Lofprysing sal altyd aan die hart lê van elke volwaardige gebed (2).

- In gebed sal dit altyd weer gaan oor ons worstelinge met sonde en ons soeke na God se vergiffenis (3-4). As my gebedslewe arm begin raak hieraan is daar fout. Dan begin ek selfvoldaan en gearriveerd raak. Dan begin ek my verhouding met God as 'n vanselfsprekendheid sien. Dan begin die wondere van Sy genade vir my vervaag. En min dinge tas die Here se eer meer aan as dit.

- Gebed het egter ook te doen met die verkryging en genieting van God se goeie gawes (5). Nooit moet ons dit onderskat of vergeet nie dat die Here 'n innige behae daarin het as ons onsself weer en weer trommeldik drink uit Sy fonteine van heil. Wanneer Sy kinders elke dag met die grootste vrymoedigheid hulle knieë onder Sy tafel instoot en hulle aantrek uit Sy klerekas, het Hy nie net vreugde daarin nie, maar verheerlik dit Hom by uitnemendheid. Hy wil en sal elke sondaar vergewe wat in opregte nederigheid na Hom toe kom. Hy kan en wil die room van Sy heiligste gawes vir diegene gee wat dit van Hom vra.

- Ware gebed sal altyd 'n hartstog vir die koms van die koninkryk, asook die bekering van mense en hulle toewyding aan die Here adem (3b).

- Die Here se huis is egter 'n heilige tempel (5). Niemand moet dus dink dat hy gebed kan misbruik om onheilige dinge van God af te pers nie. Gebed is daar om ons elke dag toe te rus vir 'n heilige lewe tot eer van die Here.

Het Jakobus nie gewaarsku nie: "As julle bid, ontvang julle nie, omdat julle verkeerd bid: julle wil net julle selfsugtige begeertes bevredig" (Jak 4:3)?

- In al hierdie dinge het God die inisiatief geneem (5). Hy wil hê ons moet bid. Daarom móét ons vrymoedig bid - openlik, nie bang of inkennig of terughoudend nie, maar in vryheid en met sekerheid. Het ons nie 'n volmaakte Middelaar in Jesus Christus nie? Gebed is nie om God se arm te probeer draai om iets teen Sy sin te doen nie. Hý het hierdie wonderlike voorreg daargestel. Hý dring aan op vrymoedigheid teenoor Hom. En sódanig is Sy behae in ons gemeenskap dat Hy Sy beste gawes net digby Sy troon uitdeel.

Daar is nog 'n gebedsuitspraak van Jakobus wat ons nie moet vergeet nie: "... julle het nie, omdat julle nie bid nie" (Jak 4:2, OAV).

□ Kennelik het Dawid gebedsgemeenskap en -verhoring proefondervindelik geken. Dis waarom hy God so noem: Hoorder van gebed! Vir hom is gebed aan die hart van sy geloofslewe. Niks is vir hom belangriker en kosbaarder nie. Male sonder tal het hy al sy sonde en gebrokenheid voor God uitgekreun - en die onbeskryflike verligting van vergiffenis beleef. Wie sal weet hoeveel maal hy al sy belaste hart in voorbidding voor God se troon uitgestort het? Duisende male het hy homself al in opregtheid en ywer aan God toegewy. Hoeveel ontelbare woorde van lof en aanbidding en dank het nie reeds uit sy mond na die hemel opgestyg nie?

Waarlik, as hy aan God dink, dink hy aan Hom as die Een wat sy gebede verhoor.

- So bewus is hy daarvan dat God 'n vreugde het in die verhoring van Sy kinders se gebede, dat hy wens alle mense wil die wondere van so 'n persoonlike verhouding met God leer ken. Hoe meer mense weer en weer die Hoorder van gebed se genadetroon opsoek, hoe meer sal Hy verheerlik word. Vandaar die digter se uitroep in v.3: "... tot U moet alle vlees kom!" (OAV).

WAT BETEKEN DIT AS DIE WOORD GOD 'N HOORDER VAN GEBED NOEM?

□ Wat Dawid beleef het, het ontelbaar baie gelowiges deur die eeue en in alle lande beleef. Die hele Woord van God leer immers dat Sy kinders kan verwag om gebedsverhoring as 'n lewenswerklikheid te ervaar.

Dat Hy 'n God is wat gebed verhoor, is deel van die Allerhoogste se karakter - ten spyte daarvan dat Hy oneindig verhewe bo ons as mense is, en in geen opsig van ons afhanklik is nie.

□ As ons vir 'n oomblik nadink oor God as Hoorder van gebed, begin ons begryp waarom die Bybel Hom so noem, waarom dit as 't ware as een van Sy name aangebied word.

- *Die Here verleen aan ons vrye gebedstoegang tot die heiligdom.*

Die pad na Hom toe is as 'n nuwe, lewende weg deur die geskeurde voorhangsel heen vir ons gebaan. Dit is een van die uitnemende dinge wat Christus vir ons bewerkstellig het (die Hebreërskrywer noem dit heel eerste as hy in hoofstuk 10:19 en volgende verse die praktiese implikasies van Christus se versoeningswerk begin uitwerk). Markus beklemtoon dat die voorhangsel, wat tydens die Ou Verbond die mense weerhou het om die allerheiligste binne te gaan, van bo na onder geskeur het (15:38). Dit is God self wat dit triomfantelik doen na eeue se wag vir die onbelemmerde gemeenskap wat Nuwe Testamentiese gelowiges sedertdien met Hom geniet.

Waarlik, Sy troon is nie meer 'n troon van verskrikking nie, maar 'n troon van genade! En ons kan met die allergrootste vrymoedigheid toetree, so dikwels as ons wil.

Let ook daar op dat hierdie nie 'n voorreg is wat tot vroom en ordentlike godsdienstiges beperk is nie. Dit geld vir die vuilste en verwerplikste sondaars as hulle eers gewas is in die bloed van die Lam.

Een en elkeen vir wie dit geld kan met al hulle behoeftes na Hom toe kom. "Moet oor niks besorg wees nie," sê die apostel in Fil 4:6, "maar maak *in alles* julle begeertes deur gebed en smeking en met danksegging aan God bekend."

En dalk is die wonderlikste van alles dat God ons nie net toelaat nie, maar inderdaad sterk aanmoedig om volhardend te bid. Ons kan maar soos die knaende weduwee in Luk 18 weier om "nee" vir 'n antwoord te vat. In Jes 62 beveel Hy die wagte op die mure van Jerusalem om Hom sonder ophou voortdurend aan Sy beloftes te herinner. Soos 'n Pa met sy klein seuntjie op die mat, laat Hy ons toe om met Hom te worstel in die gebed. Soos Jakob by die Jabbok mag ek weier om Hom te laat gaan voordat ek die seën ontvang het.

- *Die Here beantwoord ons gebede geredelik en maklik.*

Word ons nie dikwels geantwoord terwyl ons nog vra nie? Presies dit is wat Jes 65:24 belowe: "Voor hulle nog roep, sal Ek antwoord, terwyl hulle nog praat, sal Ek hulle gebed verhoor." Hoewel Daniël in sy gebed geworstel het, verseker die engel hom uiteindelik dat sy gebed reeds verhoor is toe hy begin bid het (Deu 9:23). En selfs die gelykenis oor die knaende weduwee wat so aangehou vra het vir die regter, sluit die Here Jesus só af: "Sal God dan nie aan sy uitverkorenes, wat dag en nag tot Hom roep, reg doen nie? Sal Hy hulle lank laat wag? Ek sê vir julle: Hy sal hulle help, en gou ook!" (Luk 18:7-8).

- *Ons gebede word meermale op 'n oorvloedige wyse beantwoord.*

Ja, soms gee die Here net wat ons vra. Daarom word ons op verskillende maniere in die Bybel aangemoedig om toe te sien dat ons nie te min vra nie - soos die weduwee wat deur Elisa gewaarsku word om nie te min oliekanne te leen nie (2Kon 4:3); of soos Koning Joas wat met die bondel pyle teen die grond moes slaan, en dit net drie maal gedoen het, in plaas van vyf of ses keer (2Kon 13:14-21).

Maar meermale gee die Here ons soveel meer as wat ons verwag of vra.

Het ons nie ook soms Salomo se ervaring nie? Aan die begin van sy koningskap vra die Here hom: "Wat wil jy hê moet ek vir jou gee?" (1Kon 3:5). Salomo vra dan gehoorsaamheid en die vermoë om die volk reg te regeer. Hierop reageer die Here toe: "Ek gee aan jou wysheid en insig soos niemand vóór jou gehad het of ná jou sal hê nie ... Ook wat jy nie gevra het nie, gee Ek aan jou: rykdom en aansien, sodat daar onder die konings niemand soos jy sal wees solank jy leef nie. As jy jou in jou optrede hou aan my voorskrifte ... sal Ek jou ook nog ’n lang lewe gee."

Hierdie beginsel het Paulus verstaan. In die afsluiting van sy gebed vir die Efesiërs sê hy van die Here dat Hy in staat is om oneindig meer te doen as wat ons bid of dink (Efe 3:20).

- *Male sonder tal het die Here al op grootse wyses gewerk in antwoord op gebed.*

Die Bybel is boordevol voorbeelde. Ook die kerk- en sendinggeskiedenis is vol daarvan. Een van die redes waarom ons die Bybel sowel as die geskiedenis - veral biografieë - moet lees, is juis om versterking van ons geloof daaruit te put. Watter indruk maak die lees van George Müller se lewensverhaal nie op 'n mens nie. Of dink aan William Carey met sy leuse: "Attempt great things for God, expect great things from God." Dink aan wat mense soos Hudson Taylor en C.H. Spurgeon reggekry het - omdat hulle by uitnemendheid die Here as 'n Hoorder van gebed geken het.

Moenie dink dit geld net vir die reuse nie. Elkeen wat werklik die Here wil gehoorsaam en Sy beloftes vertrou, se naam kan uiteindelik by die geloofshelde van Heb 11 gevoeg word.

- *Geeneen van hierdie wêreld se gode is hoorders van gebed nie.*

In die meeste gevalle is dit so voor die hand liggend dat ons nie eers verder daaroor hoef te praat nie. Dis waarlik soos Psm 115 van die valse godsdienste sê: "Wat húlle het, is afgode ... die werk van mensehande. ’n Mond het hulle, maar praat kan hulle nie, oë het hulle, maar sien kan hulle nie ... Hulle hande, daarmee kan hulle nie voel nie, hulle voete, daarmee kan hulle nie loop nie ... Julle wat die Here dien, vertrou op die Here! Hy help en beskerm julle. Die Here ... seën dié wat

Hom dien, klein en groot" (4-13).

Wat van diegene wat tot die duiwel bid, sal iemand vra, ervaar húlle nie gebedsverhoring nie. Almiskie! Eienaardige dinge mag dalk gebeur as Sataniste, en mense wat okkulties aktief is, bid. Maar die doel is slegs om sulke naïewe mense dieper in die Bose se web in te lok - totdat hulle uiteindelik volkome in die mensemoordenaar se mag is.

Daarenteen sal die Here ons God slegs ons gebede op so 'n wyse beantwoord dat dit in ons ewige belang is.

- *Miljoene van oor die hele wêreld bid in 'n duisend tale tot Hom, maar Hy is by elkeen betrokke.*

Hy luister na elkeen. In elke eeu en kultuur is gebedsomgang met God aan die hart van Christenskap. En dit geld vir ryk en arm, vir arbeiders en koninklikes, vir ongeletterdes en geleerdes. Waarlik, Hy is die Hoorder van gebed.

WAAROM HET GOD GEBED INGESTEL AS SO 'N BELANGRIKE DEEL VAN SY VERHOUDING MET SY KINDERS?

□ Laat ons eerstens sê waaroor gebed nie gaan nie:

- *Sekerlik bid ons nie om God in te lig oor ons nood en behoeftes nie.*

Hy is alwetend. Hy weet presies wat ons nodig het, veel beter as onsself. En Hy weet dit voordat ons dit uitspreek of besef.

- *Ons bid ook nie om God van opinie te laat verander nie*. Dit is wel so dat die Bybel dit soms so aanbied - as dat ons gebede Hom van koers laat verander. Maar God se raadsplan is van die begin af tot in die fynste besonderhede vasgelê. Luister wat sê 1Sam 15:29: "Die Ewige van Israel lieg nie en Hy verander nie van gedagte nie, want Hy is nie ’n mens dat Hy van gedagte sou verander nie."

Nee, as dit in die Skrif lyk asof God Hom laat ompraat deur ons gebede, is dit maar 'n menslike manier om oor gebedsverhoring te praat. Die Woord is van hoek tot kant vol sulke *antropomorfismes* - bloot 'n manier om dit wat ons van God en Sy optrede beleef, te probeer beskryf in taal wat ons verstaan. So praat die Bybel van God se sterk arm om na Sy almag te verwys, of van Sy oë wat alles sien, as Sy alwetendheid.

Omdat Hy die geheimenisvolle Een is wat buite ons dimensies en ervaringswêreld leef, en ons Hom nie in menslike kategorieë kan vasvang nie, het ons geen ander keuse as om soms oor Hom te praat asof Hy 'n mens is nie.

□ Tog het God gebed ingestel as 'n uiters belangrike deel van gelowiges se lewens en ons verhouding met Hom. Só verstaan Christene dit deur die eeue. Die Heidelbergse Kategismus, V & A 116 stel dit so: "Waarom is die gebed vir die Christene nodig? Omdat dit die vernaamste deel van die dankbaarheid is wat God van ons vorder, en omdat God Sy genade en die Heilige Gees alleen aan diegene wil gee wat Hom met hartlike sugte sonder ophou daarom bid en daarvoor dank."

Wat is dus die redes waarom God wil hê Sy kinders moet bid voordat Hy hulle seën? Waarom is ons gebede só instrumenteel in Sy handele dat daar oënskynlik niks gebeur voordat ons nie bid nie? Waarom maak die Here ons Sy medewerkers?

□ Daar is 'n paar basiese redes:

- *Gebed verheerlik God.*

Wanneer ons Hom nader oor die waarmaak van Sy beloftes - des te meer wanneer ons met Hom worstel daaroor - is dit ons manier om te sê: "Ons twyfel nie aan U integriteit om U te hou aan dit wat U in terme van die genadeverbond onderneem het nie, en ons weet ons kan peil trek op U

almag om alles wat U belowe het uit te voer!"

As ons voorsiening net elke dag opgedaag het, sou God gewis nie die eer gekry het wat Hom toekom nie. Sonder gebed, sou ons Sy goedheid baie gou as vanselfsprekend, trouens, as ons reg beskou het. Sien ons dit nie by die ongelowiges met betrekking tot God se algemene genade nie?

Soos ons deur gebed intiem betrokke is by die wondere van die Here se werke, is ons intens bewus van Sy heerlikheid. As ons bloot op 'n afstand as waarnemers gestaan het, sou ons Sy handele - vir soverre ons daarvan sou kennis geneem het - gou-gou aanvaar het as die werkinge van 'n veraf-God, of selfs as die effekte van allerlei onpersoonlike natuurkragte. Maar nou, omdat ons deur gebed hand aan hand met Hom loop, weet ons sonder twyfel wie die wonderlike dinge doen waarvoor ons bid - en verheerlik ons Hom daarvoor.

Gebedsbetrokkenheid by die Here se werk lei selfs ongelowige omstanders om partykeer Sy heerlikheid raak te sien en te erken. Hulle het nie geloofsoë om God te sien nie, maar kan wel óns handele lees. En wanneer ons dan gebedsverhoring ervaar - en hulle besef dat ons dit nooit self kon bewerkstellig nie - begin iets van die werklikheid van 'n lewende, betrokke en liefdevolle God tot hulle deurdring. Dikwels al was dit die begin van grootse bekerings.

- *Gebed leer ons God beter ken.*

Gebed dwing my om weer en weer na te dink oor wie God werklik is, oor wat Sy wil is, oor hoe Hy werk, en oor waarheen Hy op pad is. Ek leer vanuit Sy goedheid en alwysheid leef. Ek leer om rekening te hou met Sy geregtigheid.

Gebed beklemtoon Sy almag teenoor my swakheid, Sy barmhartigheid teenoor my onwaardigheid, Sy algenoegsaamheid teenoor my algehele afhanklikheid.

- *Gebed bewerkstellig gemeenskap tussen die Hemelse Vader en Sy kinders*.

Hy wil nie bloot 'n veraf God wees nie; daar moet gereelde, daaglikse interaksie wees. Watter ouer verstaan dit nie?

Hoewel God ons nie nodig gehad het vir Sy voortgesette bestaan as die Algenoegsame nie, het Hy ons ter wille van Homself geskape. Om God te ken en met Hom te wandel in 'n persoonlike verhouding lê aan die hart van ons skeppings- en herskeppingsdoel.

Ons hemelse Vader het vreugde daarin om alles te voorsien wat ons nodig het. Dis soos 'n goeie pa se tevredenheid as hy sy vrou en kinders behoorlik kan versorg. Maar min dinge sou hom meer verneder en ontstel as dat hulle by die bure moet gaan bedel.

Die Here wil egter nie sonder meer voorsien nie; dit moet geskied op 'n wyse waarvan Sy kinders deeglik kennis neem. Slegs so sal ons Sy vreugde in voorsiening kan beantwoord met die wedervreugde van ontvangs.

In gebed werk ons saam met God - is ons Sy medewerkers. Wat 'n enorme voorreg is dit nie. Laat ons dit nooit geringskat nie! Watter eer is dit nie vir 'n klein seuntjie om saam met sy pa belangrike werk te doen nie! Kan daar iets grootser wees as om deel te hê aan die redding van sondaars uit die kake van die ewige dood! Wat kan belangriker wees as om jou lewe te wy aan die koms van die koninkryk en die eer van die lewende God! Wat kan meer sinvol wees as om jou lewe in te ploeg in dit wat ewigheidsvrug bewerkstellig!

Ja, ons is nie net die Here se medewerkers wanneer ons bid nie - allermins - maar min dinge lewer meer dividende vir tyd en ewigheid as juis gebed!

- *Gebed oefen en bevorder my geloof*.

Gebed vereis nie net geloof nie; dit stimuleer ook geloof.

Hoe wesentlik belangrik is geloof nie in ons omgang met die Here nie! Daarsonder kan ons nooit wees wat Hy wil hê nie. Niks behaag en verheerlik ons Hemelse Vader meer as ons algehele

vertroue in Hom nie.

So stel die Hebreërskrywer dit: "En sonder geloof is dit onmoontlik om God te behaag; want hy wat tot God gaan, moet glo dat Hy is en ’n beloner is van die wat Hom soek" (11:6, OAV). Let op dat dit hier oor gebed gaan: "hy wat tot God gaan".

Biddeloosheid daarenteen getuig van 'n onverskilligheid ten opsigte van God se verheerliking. Dis ongeërgdheid oor die uitwerk van Sy raadsplan, die koms van Sy koninkryk, die verbreiding van Sy evangelie, die welsyn van Sy gemeente, die redding van mense sonder God en sonder hoop. Biddeloosheid spreek van 'n arrogante selftevredenheid en van 'n onafhanklike staatmaak op eie vermoëns. Biddeloosheid kom neer op 'n mosie van wantroue in ons Skepper en Voorsiener. Biddeloosheid is een van die belangrikste simptome van 'n dodelike siekte: ongeloof!

Maar geloof is nie net nodig vir ware gebed nie; gebed staan ook in diens van geloof. Dis soos met fiksheid en spiere - hoe meer ons dit oefen, hoe meer groei dit. Tot die mate wat ons dus geloof tydens ons gebede beoefen, tot daardie mate groei ons geloofspiere. Hier is een van die groot redes waarom gebed so 'n wonderlike genademiddel is.

En laat ons onthou dat geloof nie net rus en vertroue is nie. Dis meteen ook 'n moedige uitstap om die dinge aan te pak wat die Here se Woord beveel, terwyl ek weet dat ek dit nooit in eie krag sal kan regkry nie. En ook hier sien ons die intieme wisselwerking tussen gebed en geloof - want tot die mate wat ek strydig met wêreldse sekerhede in die geloof uitstap, tot daardie mate sal dit my na my knieë toe dwing. En tot die mate wat ek bid, tot daardie mate sal dit my versterk en aanspoor tot ondernemingsgeloof. En tot daardie mate sal William Carey se gesegde vir my 'n lewenswerklikheid word: "Attempt great things for God; expect great things from God!"

Hier is ons by een van die belangrike redes waarom die Here soms van ons verwag om die riskante in die geloof aan te pak, om iets só *onverantwoordelik* te doen dat mense ons as ietwat versteurd beskou. Die Here roep ons soms om *op die water uit te klim*, omdat Hy hierdie opwaartse spiraal wil versnel. Want dis nou eenmaal so: hoe benouder ek is, hoe meer en hoe ernstiger bid ek.

Waarlik, 'n lewe wat voluit gaan vir die Here, die belewing van Sy beloftes, en vir die inbesitname van ons erfenis in Christus, is altyd 'n weergalose avontuur! Almal van ons bewonder 'n George Müller se geloof, meeste van ons begeer om die geloofsbelewinge en -avonture van 'n Broer Andrew te beleef - maar ons vergeet maklik dat baie gebed aan die wortel van sulke lewens was en is.

- *Gebed is 'n kragtige instrument in my proses van heiligmaking.*

Min dinge laat my my afhanklikheid van God so intens beleef as gebed. Nie alleen gebeur dit wanneer ek met al my behoeftes na Hom toe gaan nie. Selfs wanneer ek besig is met lof, lê erkenning van en dankbaarheid vir Sy afbuig na my toe aan die wortel daarvan.

In my worstelinge oor wat en hoe om te vra, word ek weer en weer tot oorgawe aan Hom gedwing. En al meer vestig dit hierdie godvrugtige hartsgesteldheid in my.

Gebed berei my ook voor om reg te reageer wanneer God wel in antwoord daarop werk. Dit help my om dit raak te sien (want ek is altyd maar weer geneig om die Here se voorsienigheid as vanselfsprekend te beskou). En dit help my om in opregtheid Sy goedheid, nie net te erken nie, maar om in my hart van harte te weet dat dit Hý is wat dit gee.

Laat ons dus verstaan: God het nie net die eindresultate van Sy raadsplan verordineer nie; Hy het ook die middele onderweg daarheen tot in die fynste besonderhede vasgelê. En een van die belangrikste hiervan is Sy kinders se gebede.

Voetnotas

1. Van die punte in hierdie Herout is ontleen aan Jonathan Edwards: The Most High a prayer-hearing God, The Works of Jonathan Edwards, Vol 2, Banner of Truth Trust, p.113-118.